# Jesus die Here: 'n Apologetiese Beskouing van die Uniekheid van Jesus Christus in vergelyking met Godsdiensfigure

***Prof P. Verster***

**Synopsis**

*The question whether Jesus Christ is merely another religious figure is presently considered. In this article Jesus' glory and uniqueness are explained apologetically in relation to religious figures from antiquity to the present. The virgin birth is accepted here as totally different from Hercules' birth; Jesus' glorification as Son of God is more than just that of a prophet; the incarnation of Jesus was God becoming human and not an avatar; Jesus' ascension was not Nirvana. He was the true and only Messiah; He is risen and therefore not just another ancestor. Finally, the truth of the Trinity as confessed in Nicea is reiterated.*

## 1. Inleiding

Die vraag of Jesus Christus net nog 'n verlossersfiguur is, staan tans in die brandpunt van bespreking. Die aanspraak dat Jesus die enigste Here is, word sterk deur postmodernistiese interpretasies bevraagteken (vgl. die uiteensetting van die sg. Nuwe Hervorming in Müller, 2002). Verskeie verlossersfigure figureer in die verhale van die antieke wêreld, waarvan die bekendste waarskynlik die oor Herakles is. Talle godsdienste gaan van die standpunt uit dat sekere verlossersfigure en godsdiensleiers 'n hoër geestelike status as Jesus het en/of dat die aansprake van die Christendom oor Jesus verwerp moet word.

Deur hierdie artikel word gepoog om groter klaarheid te verkry oor die verskil tussen *en uniekheid van* Jesus Christus aan die een kant, en ander verlossersfigure en godsdiensgrondleggers en -leiers aan die ander kant. As vertrekpuntpunt geld die Apostoliese en Niceense belydenisse. Aandag word veral aan die antieke godsdienste en huidige hoofstroomgeloofs-oortuiginge geskenk.

## 2. Antieke beskouinge en Jesus. Herakles se geboorte en Jesus se maagdelike ontvangenis.

### *2.1 Die mitiese denkwêreld*

Die mitiese lewens- en wêreldbeskouing het ’n baie spesifieke invloed uitgeoefen op die denkwêreld van die mens in die antieke tyd. Tog was daar al gedurende die leeftyd van Jesus skeptisisme oor die gode en helde van die antieke tyd. Die Hellenistiese tyd waartydens Jesus op die wêreldtoneel verskyn het, is gekenmerk deur die verkenning van allerlei filosofiese gedagtes en die bevraagtekening van die antieke mitologieë. Sommige mites het egter meer weerstand teen logiese en rasionale denke gebied as andere. Een van die hardnekkigste mitologieë van daardie tyd was die oor Herakles, en dit is juis die bestaan van hierdie mite wat van tyd tot tyd aangebied word as bewys dat veral die getuienis oor Jesus se geboorte op dieselfde vlak lê as die mitologiese verhale.

### *2.2 Die verwekking van Herakles*

In boeke 2, 4 en 8 van die biblioteek van Apollodorus (*The Library of Apollodorus,* Simpson (vert.), 1976: 91 e.v.) word die verhaal van Herakles beskryf. Zeus, die hoofgod van die ou antieke wêreld, knoop, volgens menslike beskouing, onsedelike verhoudings met aardse vroue aan. Gode en mense meng, kom mekaar te na en wil mekaar troef. Zeus verwek die kind Herakles by die sterflike vrou Alkmene. Amphitruon, haar aardse man, word mislei: hy glo dat hy die vader is van die kinders wat Alkmene verwag. Die godin Hera, jaloers op Zeus se minnaresse, beskik dit nou so dat Eurustheus, die kind van Alkmene en Amphitruon (die aardse man) net voor Herakles gebore word. Groot is die onsekerheid: wie is nou Zeus se buite-egtelike seun?

Zeus het inderdaad vir Amphitruon om die bos gelei. Die verhaal van Herakles is een van godeverwekking, maar ook een van gruwelike misleiding en wraaksug (vgl. ook Conradie, 1969: 67 e.v.).

### *2.3 Die Heraklesmite*

Daar is diegene wat meen dat die Heraklesmite die grondslag vorm van die hele antieke wêreld (*The Library of Apollodorus,* Simpson (vert.), 1976: 111 e.v.). Hierdie mite vertoon ’n buitengewoon sterk manlike karakter en dui ook op die baie aandag wat gegee word aan triomfering oor verskillende bedreigende magte en die bonatuurlike vermoëns van Herakles. Hy tree na vore as ’n verlossersfiguur wat op wonderbaarlike wyse redding bring vir die hele gemeenskap en word opgeneem in die hemel. So verkry hy onsterflikheid.

### *2.4 Ooreenkomste en verskille: Jesus en Herakles*

Watter ooreenkomste bestaan tussen die verhaal van Herakles en die van Jesus van die Evangelie?

Sommige geleerdes (vgl. Van Aarde, 2001: 155 e.v.) wys daarop dat Jesus se geboorte ook ’n wonderbaarlike dimensie het – die maagdelike ontvangenis van Jesus Christus, verwek deur die Heilige Gees sonder dat Josef en Maria ’n intieme verhouding gehad het. Jesus se genesings en wonderwerke word beskou as heldedade, soos wat Herakles verrig het, en ook as mitologiese oorwinnings oor die magte van die duisternis. Wanneer Hy sterf en in die hemel opgeneem word, word ’n mitologiese verklaring daarvoor aangebied.

Om meer spesifiek te wees, kan die argumente teen die aanvaarding van die leerstuk van die maagdelike ontvangenis van Jesus soos volg uiteengesit word:

- Slegs Matteus en Lukas beskryf die maagdelike ontvangenis. Paulus verwys nie daarna nie. Daar is dus nie genoeg getuienis nie.
- Die rol van Josef is onduidelik. Daar word gevra waarom so min oor hom geskryf is. Van Aarde (2001: 98) beweer dat Jesus ’n kind sonder vader is en dat Josef maar net ’n surrogaatfiguur is wat terugwys na die aardsvader Josef van die Ou Testament. Van Aarde (2001: 99 e.v.) meen dat die Josef van die Nuwe Testament nie regtig bestaan het nie en dat hy maar na analogie van die Ou Testamentiese figuur in die Jesusverhaal betrek word om Jesus ’n meer respektabele agtergrond te gee. Volgens Van Aarde het Jesus nooit ’n pa geken nie, en juis daarom verwys hy so baie na God as Vader ( 2002: 81).
- Daar word beweer dat belangrike persone in Jesus se tyd, volgens ou inskripsies en verwysings, ook maagdelike geboortes gehad het (vgl. die Romeinse Keisers in Van Aarde, 2001: 172 e.v.).
- Die maagdelike ontvangenis word verwerp omdat dit nie meer vir die moderne mens aanvaarbaar is nie (Van Aarde, 2001: 195 e.v.; vgl. ook Boshoff, 2004: 53, wat die belydenis van die maagdelike ontvangenis kerugmaties wil verstaan, maar nie histories nie).

Le Roux (2002: 97) betuig sy instemming met die metode van Van Aarde al sou hy nie met al die gevolgtrekkings saamstem nie.

Teenoor die bogenoemde ontkenning van die maagdelike ontvangenis staan die belydenis dat Jesus Christus die Here is, wat ontvang is in die Maagd Maria deur die Heilige Gees (vgl. Van Rooyen, 1998: 94 - 100).

Die beskrywing van Jesus se verwekking deur die Heilige Gees en Sy geboorte in die evangelies is sober. Dit is nie godetwis wat tot Sy koms lei

nie; dit is nie gode wat mense mislei nie. Dit is nie gode-egbreuk nie.

Die maagdelike ontvangenis van Jesus word beskryf in twee evangelies, naamlik die van Matteus en Lukas. Daar is dus ’n dubbele bevestiging van die waarheid van die saak omdat die twee weergawes verskillende, aanvullende perspektiewe op die Jesusgeskiedenis belig en duidelik nie by mekaar afgeskryf is nie (Guthrie, 1981: 367). Van Aarde se verwysing na die aardsvader Josef is blote bespiegeling. Geen bronne, Bybels of nie-Bybels, bevestig so ’n interpretasie nie. Die Aartsvader Josef figureer byvoorbeeld nie in die geslagsregisters nie. Die sobere Bybelse vertelling van die geboorte van Jesus word nêrens anders op so ’n beheerste wyse in mitologiese geboorteverhale verwoord nie. Guthrie (1981: 367, 374) laat geen twyfel dat die evangeliste hierdie waarheid as feit aanvaar het nie (vgl. ook Brown, 1997: 219). Ook Goppelt (1982: 217) toon aan dat die Skrif so ’n afleiding regverdig.

Van Aarde se standpunt is onoortuigend omdat hy sy argumente baseer op inligting uit bronne wat lank na die Jesustyd geskep is, of inligting wat nie van toepassing is op die maagdelike ontvangenis nie, of informasie wat besonder wyd geïnterpreteer moet word om sin te maak.

Die maagdelike ontvangenis van Jesus Christus is van ’n geheel ander aard as die geboorte van Herakles. Die unieke persoon van Jesus Christus word juis deur die aanvaarding van die maagdelike ontvangenis in die verskillende hoofstrome van die Christelike geloof bevestig.

## 3. Was Jesus ’n profeet soos Mohammed?

### *3.1 Mohammed as groot profeet*

Naudé (1996: 152 - 157) noem dat Moslems vir Mohammed as dié groot profeet beskou. Hy is die internasionale Rasul, die groot en finale profeet, die een wat Allah se wil bekendgemaak het. Die Moslems glo hy was so ’n groot profeet omdat hy die Kor’an direk van Allah deur die engel Gabriël gekry het.

Volgens Moslems het Mohammed vroeg in sy lewe ’n weersin in die afgodery, drinkery en uitspattige lewe van sy volksgenote gekry. Later gaan bid hy in die grot op die berg Hira en ontvang deur bemiddeling van die engel Gabriël die woord van Allah. Nadat hy die openbaring ontvang het, preek hy teen die afgodery en sonde van die mense van Mekka. Die reaksie hierop noop hom om na Medina te vlug. Daar het die mense baie meer begrip vir sy leer. Hy keer terug met ’n militêre mag, verower Mekka, reinig die Kabbaa van die afgode en vestig die Islam in daardie stad. Mohammed se lewe verloop dus suksesvol. Sy leer word aanvaar en

hy word erken as die groot profeet van die mense in Mekka en later in al die omstreke.

## 3.2 Jesus en die Islam

Jesus word deur die Moslems as profeet erken. Daar is talle verwysings na Hom in die Kor'an.

Sura 3: 33 - 63 beskryf die geboorte van Jesus. Die Kor'an in Sura 9: 30 - 33 verduidelik dat Esra die seun van God is volgens die Jode en dat Christus die seun van God is volgens die Christene Beide aannames is egter onwaar volgens die Kor'an. Die kruisdood van Jesus word afgewys omdat Jesus te sterk sou wees om gekruisig te word. Die kruisdood van Jesus bring ook volgens hulle geen verlossing nie (Sura, 4: 153 - 163; vgl. ook Naudé, 1996: 178 - 184). Volgens Moslems is Jesus dus nie die Plaasvervanger wat in die mens se plek die sonde wegneem en die mens verlos nie.

## *3.3 Die pre-eksistensie en goddelikheid van Jesus Christus in die Nuwe Testament*

Alhoewel Dunn (1989: 32, 265) van mening is dat daar nie sonder meer afgelei kan word dat Jesus self bewus was van sy goddelikheid nie, glo hy tog dat Sy besondere roeping veral in die Johannes-evangelie duidelike gestalte verkry. Die klassieke teks ter bevestiging van Sy Godheid is Joh. 1: 1 - 5 en Joh 20: 28. Cullmann (1963: 308) toon aan hoedat die evangelie van Johannes omraam word deur die belydenis dat Jesus God is: aan die begin is daar die bevestiging van Logos en aan die einde Thomas se belydenis. Hurtado (2003:105) bevestig ook die aanwesigheid van God in Jesus Christus. Veral die wyse waarop Paulus Kurios gebruik, is vir Hurtado (2003: 112) van groot betekenis in die erkenning van Christus se Godheid (vgl. ook Guthrie, 1981: 312). Brown (1997: 218, 261, 352 - 356) dui aan hoedat Jesus Christus deurgaans beskou is as die een wat van God kom. Dat die vroeë Christene Christus as die Woord van God in die wêreld en die beslissende teenwoordigheid van God in die wêreld beskou het, word deur Bornkamm bevestig (1960: 189).

Die verwysing na die logos kan die vermoede laat ontstaan dat die Woord na God se skeppingswoord verwys. 'n Verdere vraag is: Beteken dit nie dalk dat Christus 'n god is, een van baie ondergeskikte gode nie?

As 'n mens die teks noukeurig lees, is dit duidelik dat die Woord wat aan die begin was, die Woord wat self God is, ook die een is wat na Sy eie mense gekom het. Hy is baie duidelik Christus self. Grammatikaal

gesproke, is dit ook nie moontlik om Joh 1: 1 - 5 met "'n god" te vertaal nie.

Dit is maar die eerste van die reeks getuienisse in Johannes se evangelie.

Matt. 11: 25 - 27 druk duidelik uit dat Jesus Christus in diens van die Vader staan en dat Hy die Vader gehoorsaam. Hy sê dan in vers 27: *"My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en ook niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak."*

Die getuienis en belydenis dat Jesus die seun van God is, dui op 'n baie besondere verhouding tussen die Vader en die Seun (vgl. Guthrie, 1981: 306 - 307). Nie alleen die Johannes-evangelie bevestig dit nie, die pre-eksistensie van Jesus kom reeds in die vroegste Christelike geskrifte voor. Daar is algemene konsensus dat die vroegste Christelike geskrifte uit die pen van Paulus kom. Reeds in Filippense 2 is dit duidelik dat Paulus 'n volledige begrip gevorm het van die pre-eksistensie van Jesus (vgl. Sabourin, 1984: 65). Alhoewel daar sommiges is wat die gedeelte in verband bring met die persoon van Adam, is dit tog baie duidelik dat Jesus Christus hier as die ewige Persoon by God beskou word. In Kolossense 1: 15 - 21, wat heelwat later geskryf is, word dit nog sterker uitgedruk in die sogenaamde Kolossense-himne tot eer van Christus.

Ook in die Hebreërbrief word dit uitgespel dat Jesus die opdrag ontvang het om na die aarde te kom, en dat Hy bereid was om te kom om Sy lewe as hoëpriester vir ons te gee (Heb. 1: 5; Heb. 10) (vgl. Guthrie, 1981: 319 - 320).

Wat egter ook beklemtoon moet word, is dat selfs in die Johannes-evangelie dit baie duidelik gemaak word dat Jesus as Seun van God in die eenheid met die Vader tog ook van die Vader onderskei moet word. Maar ook in die Seun wat so onderskei kan word, is die Skeppergod aanwesig in die sin dat Hy eindelose nuwe moontlikhede kan skep (Goppelt, 1982: 78).

Jesus het wel die amp van profeet beklee, maar anders as wat deur Moslems aangaande Mohammed geglo word, was die profetiese amp van Jesus nie beperk tot sy profetiese optrede nie. Hy was immers meer as net nóg 'n profeet. Hy was Seun van God in die sin van Een met die Vader soos hierbo aangetoon. Daarin lê die wesenlike verskil met Mohammed.

Daar kan geen twyfel bestaan nie – en dit weet ons uit die Johannes-evangelie, die ander evangelies, Paulus en die Hebreërbrief – dat Jesus Christus vanaf ewigheid af bestaan het en dat Hy mens geword het. Hy het onder mense kom woon – wel in onderskeid van die Vader – as Seun van die ware God wat mens geword het.

## 4. Jesus as lydende kneg en Krishna as avatar van Vishnoe

### *4.1 Avataras van Vishnoe*

Volgens die Hindoe-godsdiens is 'n avatar die verskyning van die gode op 'n bepaalde manier. Die verskynings van Vishnoe of sy avataras in die wêreld is van groot belang binne die konteks van hierdie godsdiens. Hy verskyn van tyd tot tyd om mense te help, en daar was tien sulke avataras of neerdalings.

Banerjea (1953: 53 - 60) verklaar dat hierdie avataras vir Hindoes die mooiste van alle dinge is. Die Bagavad-Gita beskryf hoe Krishna, die avatar van Vishnoe, vir Arjuna, 'n soldateprins, onderrig. Krishna verduidelik dat hy juis weer na baie eeue in die wêreld gekom het om die mense wat regverdig leef, te bevry. Hy het ook gekom om onreg aan die kaak te stel en diegene wat kwaad doen, te straf.

Die verskynings vind veral plaas wanneer die kwaad begin toeneem en 'n avatar van Vishnoe nodig is om dit te bestry. Die belangrikste avataras is Rama, Krishna en Boeddha. Kalkin, die heiland wat eendag aan die einde van die tye sal kom, is die tiende avatar. Rama en Krishna is die twee verskynings wat die meeste aandag geniet. Rama se heldedade verteenwoordig alles wat manlik en deugsaam is. Krishna is egter baie belangrik. Dit is die god self wat verskyn, en nie een van die avataras nie (Banerjea, 1953: 53 - 60).

In die Bagavad-Gita word die implikasies van lewe en dood deur die inkarnasie as Krishna beskryf.

*O, afstammeling van Bharata, in daardie tyd het Krishna, glimlaggend, midde in die twee weermagte, die volgende woorde gerig tot die bedroefde Arjuna"* (Gita, 2: 10 - 13).

*Soos wat die verpersoonlikte siel voortdurend verbygaan, in hierdie liggaam, van kindsbeen tot ouderdom, so gaan die siel in 'n ander liggaam na die dood. 'n Nugter persoon raak nie verward deur so 'n verandering nie* (Gita, 9: 11 - 12).

(Eie vertalings uit die Gita vanuit die Engels.)

### *4.2 Die mensheid van Jesus in sy lyding*

Die lewe van Jesus Christus, sy lyding en menslike deelname aan ellende beklemtoon egter volgens die Christelike oortuiging 'n heeltemal ander perspektief. Hier kan verwys word na Matteus 11: 25 - 27. Die aanhaling kom na alle waarskynlikheid uit die Q-bron. Jesus se besondere rol word geaksentueer. Die Vader het aan Hom 'n spesiale taak gegee: hy is die uitverkore Een wat die taak moet volvoer.

Hy is die unieke Joodse mens, die mens wat binne die raam van die Joodse denke inderdaad voldoen aan die eise wat aan die regverdige mens gestel kan word. Sy totale optrede dui daarop dat Hy die eretitel mens gedra het – nie net in die sin van profeet, priester en koning nie, maar ook met betrekking tot die wyse waarop Hy hom met die lydende mens vereenselwig het. Nêrens kom Sy heerlikheid en majesteit duideliker na vore as juis in Sy lyding nie. Hy is Jesus Christus die Seun van God, die Seun van die mens wat Hom verbind het tot die redding van die sondige sterfling.

Vergelyk in hierdie verband die volgende Skrifgedeeltes: Mark. 8: 31 en Luk. 9: 22 wys daarop dat Hy moet ly en dat sy lyding moet dien tot die heil van baie (Guthrie, 1981: 276). Mark. 9: 31, Matt. 17: 22 en Luk. 9: 44 verklaar dat Hy oorgelewer sal word in die hande van die mense. Mark. 10: 33 en 20: 18, en Luk. 18: 31 konstateer dat die Seun van die mens oorgelewer sal word in die hande van die priesters, en ter dood veroordeel sal word, maar weer sal opstaan (Ladd, 1974: 155). Mark. 10: 45 en Matt. 20: 28 bevestig dat die Seun van die mens gekom het om te dien en sy lewe vir baie te gee. Mark. 14: 41 en Matt. 26: 45 getuig dat die Seun van die mens verraai is deur sondaars (vgl. Sabourin, 1984: 11).

In die lig van die bostaande is die Hebreërbrief van groot betekenis. Alhoewel Jesus Christus daar geskets word as die Een wat uit die Ryk van God kom, heerliker as al die engele, word ook duidelik gemaak dat Hy werklikwaar die ellende van die mens kom deel het (Heb. 2: 17). Die unieke mens van God, die Een wat uit die Ryk van God gekom het, vereenselwig Hom met die mensheid.

Die lyding van Jesus Christus gee aan sy menswording ’n perspektief wat nie op die vlak van die avatar lê nie. By die avatar speel verlossende lyding nie ’n rol nie. Jesus bestry die kwaad deur lyding omdat Hy tot sonde gemaak word. Slegs die ware Middelaar wat volkome God, maar ook volledig mens is, kan die sonde deur sy lyding wegneem – nie die avatar nie.

Jesus se menswording is geen avatar nie. Dit is die sublieme vleeswording van God in sy Seun Jesus Christus om die mens uit sy lyding te verlos.

## 5. Hemelvaart of verligting (Nirvana): Jesus en Boeddha

### *5.1 Boeddha en Nirvana*

Krüger (1996: 67 - 97) toon aan dat Boeddhisme verbind word met die historiese persoon Siddartha Gautama, wat ongeveer 563 v.C. in ’n klein dorpie aan die Nepalese grens gebore is. Reeds by sy geboorte is voorspel

dat hy óf ’n groot politieke leier óf godsdienstige leier sal word. In die oorspronklike bronne word as volg na sy geboorte verwys (Thomas, 1992: 30):

*Wanneer die Bodhisatta sy moeder binnegegaan het, verkry die Bodhisatta se moeder die gewone morele eienskappe soos vermyding van die neem van lewe, van diefstal, van die verkeerde toegee aan sensuele begeertes, van valsheid, en van die nalatige gebruik van dwelmmiddels. Wanneer die Bodhisatta sy moeder binnegegaan het, kan die Bodhisatta se moeder nie siek word nie en is sy tevrede met haar onvermoeide liggaam.*

*Wanneer die Bodhisatta gebore is, neem die gode hom eerste, en daarna die mense (eie vertaling uit Engels).*

Wanneer hy later die versoekinge weerstaan en Nirvana bereik, word sy boodskap uitgedra. Begeerte is die groot uitdaging wat oorwin moet word en in Boeddhistiese literatuur speel dié aspek ’n belangrike rol. In die Uraga Sutta 3(3) word die oorwinning oor begeerte aangedui (Kruger, 1999: 3):

> *Die monnik wat begeerte tot niet maak*
> *(soos ’n rivier in vloed opdroog)*
> *ontgroei hierdie wêreld en een hierna soos ’n slang sy verslete vel.*

Die erkenning van Boeddha behels dus Nirvana en die weg van die aflê van begeerte.

### *5.2 Jesus en sy verhoging*

Die hemelvaart van Jesus Christus bied ’n ander perspektief as die van Nirvana. Van de Beek (1999) bevestig dat die hemelvaart van Jesus juis sy troonbestyging is. Hy ontvang daar die heerlikheid en die eer wat hom toekom. Hier verwys Van de Beek (1999) na Joh. 17: 5. Maar hy ontvang die eer op ’n besondere wyse, naamlik as die Lam wat die sonde van die wêreld dra, en juis daarin kom sy heerskappy na vore. Dit is die heerskappy van die Heilige Gees, die heerskappy wat die swakkes en die armes ondersteun soos wat ’n goeie koning betaam. ’n Goeie koning is juis ’n regverdige koning, en ’n regverdige koning is een wat nie een van sy onderdane ten koste van die ander verryk nie, wat sorg dat die swakke beskerm word, en wat waak teen die misbruik van mag. Jesus is volgens Van de Beek (1999) hierdie regverdige Koning, die Een wat homself vir andere gegee het. Dit is Hy wat hierdie aardse getwis, die manipulasie van mense en magsmisbruik openbaar vir wat dit is. Hy regeer vanuit die hemel deur Sy Heilige Gees vanwaar Hy op die troon van God, op dieselfde stoel as God, sit. Juis daarom, sê Van de Beek, is die hemelvaart

'n gebeure van kritieke belang. Daarom moet alle mense wat oor mag beskik, hulleself afvra wat hulle doen met die mag. Want God wat oor alle mag waak, sal daaroor oordeel.

Jesus is dus uiteindelik die een wat deur die wonderlike troonbestyging al ons menslike gedagtes oor die aardse bestaan ten toon stel en openbaar sodat ons uiteindelik voor Hom moet buig en erken dat Hy die Here is.

Dit is die essensie van die hemelvaart, 'n gebeurtenis wat van kardinale belang is vir ons verstaan van Jesus Christus. Die hemelvaart is ten diepste 'n wonder wat die Christen ophef na 'n nuwe uitsig op die bestaan van Jesus Christus. Hy gaan nie op in Nirvana nie, maar bestyg die troon omdat Hy gehoorsaam alles volbring het. Hy eindig nie Sy lewe by die graf nie; Hy staan nie net op uit die dood nie, Hy leef en regeer tot in ewigheid.

## 6. Jesus as die ware Messias

### *6.1 Joodse Messiaanse verwagtinge*

Du Toit (1970: 103) toon aan dat daar baie Jode is wat nie meer die tiende artikel van Maimonides se gebedsboek nasê nie, naamlik "ek glo in die komende messias", want die term *Messias* het 'n radikale verandering deur die eeue heen ondergaan. Daar was 'n tyd toe die Jode die verwagting gekoester het dat 'n politieke figuur hulle sal verlos van tirannie om vrede, vryheid en geregtigheid te verseker.

Die verwagting met betrekking tot die Messias word nou dikwels toegepas op die evolusiehipotese van Darwin, of op politieke ontwikkeling wat vrede vir Israel sal bewerkstellig. Die woord "Messias" behels alles wat staan vir vooruitgang en hoop. Tans is daar groot onsekerheid oor die inhoud van dié woord. Die ortodokse Jode (die getroue Jode wat die Wet baie hoog ag en konserwatief is) verwag 'n persoon ('n wonderbaarlike persoon), terwyl die reformiste (Jode wat die Hebreeuse Bybel nie meer letterlik verstaan nie) na 'n goue eeu uitsien waarin hulle persoonlike ideale vervul sal word. Wat die Messiaanse koninkryk betref, word groot klem deur die ortodokse Jode gelê op die dag van oordeel, terwyl die reformiste ontken dat daar so 'n dag sal wees.

Daar is Jode wat aansluiting vind by die gedagte dat die Messias, soos in die Ou Testament voorgestel, iemand van 'n nederige afkoms (Jes. 53: 1,2) sal wees. Hierdie persoon sal deur die volk verwerp word (Ps. 22: 6 - 8), maar dit sal ook 'n persoon wees wat een met God is, wat aan die doderyk oorgegee is, maar nie sal vergaan nie (Ps. 16: 10).

Alhoewel baie argumente deesdae aangevoer word dat dit nie so duidelik is dat die Messiaanse lyn van verwagting van Dawid se koningskap

deurloop tot by Jesus Christus nie, word daar tog gedagtes in die Ou Testament verwoord wat ’n Messiaanse ideaal uitwys wat reeds by Dawid begin (Van Zyl 1987: 32 e.v.). Die voorkoms van die idee van messiasskap in die Ou Testament word byvoorbeeld deur verskillende skrywers in die boek *The Lord's anointed* (1995; onder die redakteurskap van Satterthwaite) aangetoon. Wright (1996: 486 - 489) verklaar onomwonde dat die vroeë Christene geen twyfel gehad het dat Jesus die Messias is nie.

Satterthwaite (1995: 55 e.v.) wys daarop dat Dawid ’n besondere koning was. Die sogenaamde Orakel van Natan, 1 Kron. 17: 1 - 15, wat egter ook teruggevind kan word in Samuel, dui baie duidelik daarop dat daar besondere beloftes aan Dawid gemaak is.

Ook die Psalms verwys na God se gesalfde (Heim 1995: 223 e.v.). In die eerste plek is daar Psalms wat die term “gesalfde” gebruik; tweedens is daar Psalms wat na ’n koninklike figuur verwys, wie se identiteit ooreenkom met die van ’n Messias, alhoewel die term Messias nie uitdruklik gebruik word nie; en in die derde plek is daar Psalms waarin die suggestie gemaak word dat ’n baie belangrike koninklike figuur, waarna ons ook kan verwys as ’n Messias, na vore sal kom.

Jesaja 1 tot 39 vorm die grondslag vir verskeie Messiaanse verwagtinge en dié verwagtinge verkry ’n besondere diepte. Verskillende verwysings na God wat optree om seker te maak dat ’n bepaalde persoon sal regeer, kom in die teks voor. Jes. 7: 1 - 17 bevestig hierdie gedagte op heel unieke wyse. Dié patroonmatigheid word egter ook verder gevoer in Jes. 8: 23b tot Jes. 9: 6, asook Jes. 11: 1 - 5 en Jes. 32: 1 - 5. (vgl. Schibler, 1995: 88 e.v.). Die koning in Jesaja verkry ook ’n Messiaanse konnotasie (Schultz, 1995: 141 e.v.).

Ook in Esegiël word die Here as die groot koning beskryf – die koning wat regeer en wat sy koningskap bevestig. In vers 28 van Eseg. 1 kom dit reeds na vore. Die koningskap in Esegiël is uiteindelik die van die koning wat in diens van die Here staan en in sy diens optree (Block 1995:167 e.v.).

Ook by die latere profete is daar verwysings na hierdie Messias-koning. Hier dink ’n mens aan Haggai 2: 23, Sag. 1 - 8, Jes. 56 - 66, Maleagi, Jes. 24 - 27, Joel asook Sagaria 9 tot 14.

Daar is diegene wat meen dat daar ook in Daniël en ander boeke verwysings is na die koning wat op so ’n wyse regeer dat hy as ’n Messiaskoning beskou kan word.

Dan is daar verwysings na ’n Messiaanse figuur in die Qumrangemeenskap. Daar word vertel van ’n Messias van geregtigheid wat sal kom

uit die stam van Dawid (4Q252 V 1-7). Hy sal deur middel van die wet regeer (DSST, 215). Daar word ook vertel van die oordeel wat die Messiaskoning sal bring oor hulle wat teen hom staan (1Q28b (1Qsb) V, 20 - 29). Met sy mond sal hy hulle platslaan, met sy septer sal hy die aarde wegvee, met die asem van sy lippe sal hy die sondaars doodmaak. Maar hy sal ook die gees van raadgewing en ewige kennis en vrees van die Here hê (DSST, 433). Hy sal ook groot dade doen, soos om gewondes gesond te maak en ook dooies op te wek (4Q521, 2II). Hy sal goeie nuus vir swakkes aankondig en baie gee vir hulle wat in nood verkeer (DSST, 394). Die Messias van Israel sal ook by die tafel waar wyn gedrink is en brood geëet word sy hande uitsteek na hulle en hulle seën (Qsa II, 11-14; DSST, 127; 1Qsa II 16-22; DSST, 127 - 128) (vgl. Martinez, 1995: 159 e.v.).

### *6.2 Jesus as Messias*

Alhoewel daar mense is wat vandag twyfel of daar regtig 'n Messiaanse verwagting in die Ou Testament voorkom, is daar tog baie geleerdes wat meen dat dié gedagte, wat later baie sterk onder die Jode sowel as Christene geleef het, wel sterk in die Ou Testament beklemtoon word (Sabourin, 1984: 13; Goppelt, 1981:1 72; Guthrie, 1981: 250 e.v.). Daar is egter ook 'n ander kant van die saak. Die Messias, die gesalfde van die Here, is soms die swakke en verstotene, soos Saul, of die lydende kneg van Jesaja 53. Hulle is nie die Messiaskonings omgewe van groot heerlikheid nie – hulle is swak en ly as gesalfdes. Van de Beek (1999) meen dat hierdie lyding die ware betekenis van die Messias nog meer op die voorgrond plaas. Jesus Christus, die lydende kneg van God, is die ware gesalfde.

Die wyse waarop na Jesus in die Nuwe Testament verwys word bevestig dat Hy waarlik as die Messias beskou is. Die Ou-Testamentiese verwagting is in Hom vervul. In Lukas 4:16-30 word dié gedagte besonder sterk beklemtoon. Die Messiaanse Skrifwoord word juis in Christus vervul. Die kerk bely van die vroegste tye dat Jesus die Christus, die Messias is (Matteus 16:13-20). Met hierdie belydenis beklemtoon die kerk dat Hy die Een is wat die verwagtinge volledig vervul. Juis hierin lê een van die groot verskille met die huidige Judaïsme.

### *6.3 Jesus die Jood*

Vermes (1973: 19 e.v.) meen dat Jesus 'n Jood was wat in Galilea groot geword en geleef het, tussen die Jode in die streek. Jesus het Joodse gebruike en gewoontes nagekom, en die Joodse geloof aangehang en bevorder. Vermes sê ook dat Jesus self nooit 'n Christen was nie, maar wel

’n Jood. As rondgaande Gasid (heilige en wyse) het Jesus mense geleer, siekes gesond gemaak en duiwels uitgedryf. Vermes is van mening dat Jesus baie in gemeen het met die charismatiese Joodse leraars soos Honi en Hanina Ben Dosa.

Vermes (173: 86 e.v.) glo dat die wonderwerke van Elia die bogenoemde handelinge van Jesus beter belig. Daarom wil hy die ware Jesus opspoor in die bladsye van die eerste drie evangelies (wat ook die sinoptiese evangelies genoem word). Daar sal ons volgens Vermes die ware Jesus opspoor en hom herken vir wat hy is, naamlik ’n Joodse leraar. Vermes lei nou uit die eerste drie evangelies af dat Jesus volledig Jood was. Hy beklemtoon egter slegs sekere sake. Daar is volgens hom te veel teenstrydighede in die evangelies om hierdie tekste se beeld van Jesus ten volle te aanvaar. Voorbeelde hiervan is die volgende: Jesus se skerp optrede teen die heidene; sy keuse ten gunste van die Jode in sekere dele van Matteus; en sy verwagting dat die koms van God se koninkryk naby is – iets wat nie met ander verwagtinge versoen kan word nie.

Alhoewel met Vermes saamgestem kan word dat Jesus as volledige mens wel ’n Jood was, is dit duidelik dat die getuienis van die Nuwe Testament juis aandui dat Hy baie meer as net ’n Joodse heilige figuur was. Die Evangelies moet van hulle essensiële inhoud gestroop word om by Vermes se gedagtes aan te sluit – iets wat nie reg aan die aard van die Evangelies sou laat geskied nie.

Hy was egter wel ook ’n unieke Jood en Vermes erken dit self deur daarop te wys dat Hy op ’n uitsonderlike wyse opgetree het (Vermes, 2004: 390 - 397). Ten eerste wys hy daarop dat Jesus baie groot klem op geloof en vertroue lê. Die tweede saak is die belangrikheid van gebed vir Jesus. Die derde saak wat Jesus uniek maak volgens Vermes, is Sy geloof in die Vaderskap van God. Vierdens het Jesus van sy volgelinge verwag om soos kinders te word. (Dit is anders as wat Jode daaroor sou dink. Om in die koninkryk van God in te gaan moet mense soos kinders word. In die Ou Testament en latere Judaïsme word hierdie gedagte nie beklemtoon nie.) Vyfdens het Jesus familiebande ook anders as ortodokse Jode geïnterpreteer. Sesdens was Jesus se optrede wanneer hy duiwels uitgedryf het ook uniek. (Sy optrede verskil van die eksorsiste van sy tyd.) Laastens tipeer Jesus se taalgebruik hom.

Daar is volgens Vermes geen sprake daarvan dat Jesus homself as Messias gesien het of dat hy Homself as Seun van God beskou het nie. Hy was ’n besondere Jood, maar nie meer as die Gasid nie.

Dit is duidelik dat Vermes uiters selektief te werk gaan. Wanneer hy saamstem met ’n evangelis word die evangelis se beskrywing van Jesus

aanvaar; wanneer hy nie saamstem nie of wanneer Jesus se Godheid ter sprake kom, word die evangelis se woorde verwerp. So selektief kan ’n mens natuurlik nie lees en hoop om daarmee weg te kom nie. Die Messiasskap van Jesus blyk, ironies genoeg, juis uit die unieke aspekte van Jesus wat deur Vermes vermeld word. Die argumente van Vermes moet dus omgedraai word om te bevestig dat Jesus Messias is.

Die Messiasskap van Jesus beteken egter ook dat Hy meer was as enige Joodse heilige. Hy as ware Messias was ook meer as wat die Jode verwag het. Die ware Messias was ook ware Seun van God; ’n volledige vervulling van al die uitnemendste verwagtinge aangaande die Messias.

## 7. Kan Jesus en die voorouers gelykgestel word?

### *7.1 Die rol van die voorouers*

Voorouers speel ’n uiters belangrike rol in die lewe van die aanhangers van die tradisionele godsdienste van Afrika. Die Afrika-mens interpreteer die wêreld teen die agtergrond van onsigbare geestelike magte, wat ’n invloed op ons uitoefen (Parrinder, 1976: 20 e.v.). Hierdie geestelike magte neem verskillende vorms aan en kan ook gemanipuleer word (Afeke en Verster, 2004: 47 e.v.).

Dat God bestaan, word erken, maar daar word gemeen dat God ver en afwesig is. Die voorouers is egter hier en nou teenwoordig en oefen groot invloed uit (Mbiti,1975: 68).

Turaki (1999: 178 e.v.) in sy boek Christianity and African Gods gee ’n breedvoerige oorsig van beskouings aangaande die voorouers. Die voorouers is die oudstes van die stam; hulle waak oor die stam en kan ook ingryp in die lewe van die mense op aarde. Wanneer die lewendes nie die gebruike van die voorvaders nakom nie, word dit laasgenoemde se plig om hulle op hulle foute te wys. Die voorouers is beslis ook middelaars wat vir die lewendes moet intree. In die lig hiervan is die voorouers wesens met besondere invloed en religieuse betekenis.

### *7.2 Jesus se opstanding en die bestaan van die voorouers*

Aanhangers van die tradisionele godsdienste van Afrika beweer soms dat Jesus as groot voorvader ook binne hierdie raam van reïnkarnasie of binne die konteks van die voorouers wat in ’n onderwêreld of ander wêreld voortbestaan, beskou moet word. Daarmee word nie bedoel dat hulle enigsins die opstanding van Jesus aanvaar nie, maar dat hulle Hom wel as besondere figuur in die groep van voorouers beskou. Sy optrede en sy lewe kan in verband met dié van ’n groot voorouer wat na sy dood steeds

onthou word, gebring word. Dit is egter duidelik dat Jesus Christus se opstanding in ’n heel ander sin verstaan moet word (Berkhof, 1973: 193 - 194 en Goppelt, 1981: 247). Jesus bestaan nie bloot voort as voorouer nie. Hy is die lewende wat opgestaan het uit die dood.

In hierdie verband is die vraag: wat het die vroeë kerk en die Jode van daardie tyd, wat die boodskap gehoor het, verstaan onder opstanding uit die dood?

Dit is bepaald so dat daar ’n verwagting was van opstanding uit die dood. Ons kry hierdie verwagting reeds in die boek Daniël, wat beklemtoon dat opstanding uit die dood sal plaasvind, dat daar aan die einde van die tye ’n geweldige oomblik sal wees wanneer basuine sal blaas en die dooies sal opstaan. Dit is geen reïnkarnasie wat dan plaasvind nie, maar ’n deurgang deur die dood waar opgestaan word uit die dood en waar geoordeel word (Ladd, 1974: 317). Dit is ook baie duidelik ’n liggaamlike opstanding.

Hierdie gedagte word verder gevoer in die tussen-testamentêre tyd in die boeke van die Makkabeërs. Daarin word dit ook baie duidelik gestel dat die opstanding van die dood die begin van ’n totale nuwe tyd is. Die magtige daad van God, wat die dooies opwek, lui as‘t ware die nuwe tydvak in. Wanneer hierdie nuwe tyd kom, sal die dooies opgewek word en in ’n totaal nuwe verhouding met God staan. Dit gaan hier nie oor reïnkarnasie of voorouers wat in ’n ander wêreld voortbestaan om mense op aarde te beïnvloed nie, maar oor die begin van ’n nuwe tyd waarin mense sal opstaan uit die dood en met God sal lewe.

Hierdie verwagting het inderdaad die fisiese opstanding uit die dood ingesluit. Dit moet dus baie duidelik wees dat wanneer die vroeë kerk bely dat Jesus uit die dood opgestaan het, hulle daarmee geensins bedoel dat dit maar ’n mitologiese verhaal is nie. Hulle het nie daaronder verstaan dat Jesus op ’n vreemde wyse opgewek is in die harte van mense, soos die mitologiese figure in die ou tyd nie. Hulle sou daaronder verstaan het dat Jesus die eersteling uit die dood is; die eerste persoon wat opgestaan het uit die dood; die eerste persoon wat die nuwe tyd inlui. Dit was ’n unieke liggaamlike opstanding. Dit is die belydenis van die vroeë kerk. Hier is iemand wat deur die dood gegaan het, wat nou deelagtig geword het aan die opstanding, die verwagte opstanding wat sou plaasvind. Dit lei dan natuurlik tot ’n nuwe bestaan voor God. Na hierdie opstanding sal ander volg wat sal opstaan uit die dood en dan uiteindelik die totale heerlikheid van God sal beleef. In hierdie opsig kan Jesus ook nie as groot voorouer beskou word soos Wanamaker (1997: 292 - 294) voorstel nie.

Crossan (2002: 1 - 15), een van die medewerkers en leiersfigure van die Jesus Seminar, bevestig hierdie gedagte ook. Wanneer hy skryf oor die

opstanding van Jesus sê hy dat binne die Joodse wêreld dit beslis nie as ’n mitologiese verhaal verstaan sou word nie, en dat die Jode ook nie die verwagting sou gehad het dat dit maar bloot ’n skynopstanding of ’n droomopstanding is nie. Crossan bevestig dat vir die Jood die opstanding uit die dood ’n fisiese opstanding en die begin van ’n nuwe tyd beteken het. Maar hier loop die weë uiteen: Crossan meen dat die vroeë kerk hierdie oortuiging aangewend het om die boodskap te bevestig, maar dat dit nooit werklik gebeur het nie. So iets kom vandag tog nie voor nie. Daarom meen Crossan moet ons aanvaar dat opstanding uit die dood nie moontlik is nie.

Geen teksgedeelte bevestig so duidelik dat die opstanding van die Here Jesus Christus ononderhandelbaar is as 1 Kor. 15 nie. Dat die opstanding vir Paulus ’n werklikheid en sekerheid was, wat ook sy salige opstanding verseker, word sonder meer deur Brown (1997: 524 - 525) aanvaar. In Rom. 6 konstateer Paulus dat daar by die doop ’n verband gelê word tussen die opstanding van Jesus Christus en die nuwe lewe. Hierdie belydenis dat Jesus opgestaan het uit die dood beteken natuurlik dat hy die eerste is van ’n nuwe tyd wat ons nie volledig kan deurgrond nie; dat Hy ’n nuwe tyd inlui, dat Hy anders is as alle ander wat uit die dood teruggekeer het, soos Lasarus; dat Hy deur die dood gegaan het. Dit neem nie weg dat die vroeë Christelike kerk hiermee bely het dat Jesus werklik opgestaan het uit die dood nie; dat dit iets was wat waargeneem kon word. Hy is gesien in sy verskynings; Hy was ’n persoon aan wie fisies geraak kon word; Hy was ’n persoon met wie gepraat kon word. So bevestig Hy dat die eskatologiese opstanding inderdaad begin het (vgl. Zokoue, 1994: 237 en Guthrie, 1981: 379 - 380).

Hierin lê daar dan ook die groot verskil met die gedagte dat Jesus maar ’n groot voorvader is. Jesus as voorvader word dikwels beskou as een wat vooruitgegaan het, en wat beheer oor ons uitoefen en as middelaar onder ons optree op dieselfde wyse as die voorouers van die tradisionele godsdienste v an Afrika. Dit moet baie duidelik wees dat wat ons in die evangelies kry, ’n bevestiging is van die deurgaan van Jesus na die nuwe tyd en dat Hy in hierdie sin liggaamlik opgestaan het uit die dood. Dit open ongelooflike vergesigte van hoop en verwagting dat Hy wat dood was, leef tot in ewigheid; dat Hy wat gesterf het aan die kruis, lewend geword het en bestaan tot in alle ewigheid.

## 8. Jesus, die Seun van God, die enigste Here

Is Jesus maar net nog ’n godsdienstige leier? Het Hy maar net nog ’n godsdiens begin? Is Hy regtig Verlosser en Here?

Die teoloog Harry Kuitert (1998) is van mening dat die Christelike oortuiging oor die Drie-eenheid bloot die nalatenskap aan die Westerse wêreld is. Die mens self is maar vir ’n enkele oomblik god. Dat God bestaan en alles wat ons oor Jesus leer, veral met betrekking tot sy opstanding en hemelvaart en alles van ’n bo-natuurlike aard, is maar stories en ou verhale wat nie meer geldig is nie, volgens Kuitert. Dit het wel waarde in die sin dat dit ’n nalatenskap is, maar dis al. Volgens Kuitert was Jesus maar net ’n besondere Jood en die Drie-eenheid bestaan nie.

Bram van de Beek (1999) plaas die bostaande afleidings egter in perspektief deur te noem dat daar reeds in die vroeë kerk twee strome onstaan het oor die belydenis aangaande die Godheid van Jesus Christus. Die Antiocheense groep het die mensheid ten koste van die Godheid beklemtoon, en die Aleksandrynse groep, met die kerkvader Athanasius as die groot voorbeeld, het van die standpunt uitgegaan dat Jesus waarlik God is, en dat Hy waaragtig mens geword het.

Die vroegste getuienisse in die Nuwe Testament, naamlik die briewe van Paulus, bevestig dat Jesus die Ewige Seun van God is. Ook Matteus 28: 19, 20 wys op drie persone van God, wat in die eenheid waarin hulle bestaan, by die doop voorkom. Guthrie (1981: 114) is daarom van mening dat alhoewel die leer van die Drie-eenheid nie uitdruklik geartikuleer word nie, die grondslag daarvoor reeds in die Nuwe Testament gelê is. Die waarheid dat God Drie-Enig is, bly onveranderd. Sekere kwessies kan op nuwe wyses geformuleer word, maar die wesenlike leer van die Drie-eenheid bly staan.

Daarin lê die groot verskil: Jesus is geen mitologiese held soos Herakles nie, Hy is meer as ’n groot profeet, Hy het deur sy lyding die heil gebring en is dus nie maar net nog ’n avatar nie, Hy het nie bloot Nirvana binnegegaan nie, maar het die troon van God bestyg. Hy is die ware Messias as die Een wat één is met God en Hy lééf as Here en bestaan nie maar voort as nog ’n voorvader nie.

Daarom moet die belydenis van Nicea aan die einde van hierdie artikel nagesê word. Jesus Christus is “God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God”. Dit beteken Hy is die enigste Here.

## Bibliografie


AFEKE, B. & VERSTER, P. 2004. Christianisation of ancestor veneration within African traditional religions: An evaluation. *In die Skriflig. 38(1): 47-61.*

BANERJEA, J.N. 1953. The Hindu concept of God. In: Morgan, K.W. (Ed.), *The religion of the Hindus.* New York: Ronald Press Comp. 55 - 60.

BERKHOF, L. 1973. *Manual of Christian Doctrine.* Grand Rapids, Mich.: Eerdmans Pub. Co.

*BHAGAVAD-GITA*. 1981. (Vertaal deur RC Zaehner). London: Oxford.

BLOCK, D.I. 1995. Bringing back David: Ezekiel’s Messianic Hope. In: Satterthwaite, P.E, Hess, RS & Wenham, G.J. (Eds.), *The Lord’s Anointed Interpretation of the Old Testament Messianic texts.* Grand Rapids: Baker.167 - 188.

BORNKAMM, G. 1960. *Jesus of Nazareth.* (tr. McLuskey, I & McLuskey, F.) London: Hodder & Stoughton.

BOSHOFF, P.B. 2004. Oor die betekenis van die maagdelike geboortetradisie: ’n debat in die Nederduitsch Hervormde Kerk. In: *Hervormde Teologiese Studies.* 60(1 & 2): 51 - 60.

BROWN, R.E. 1997. *An introduction to the New Testament*. New York: Doubleday.

CONRADIE, P.J. 1969. *Avonture van die Griekse helde en gode.* Kaapstad: Human en Rousseau.

CROSSAN, J.D. 2002. *The resurrection of Jesus in its Jewish Context.* Lecture NTWSA: 1 - 15.

*BYBEL,* DIE. Afrikaanse Vertaling (1983) met herformulering.

DU TOIT, H.A.D. 1970. *Vyf godsdienste van die wêreld.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

DUNN, J.D.G. 1989. *Christology in the making: A New Testament inquiry into the origins of the Doctrine of Incarnation.* 2nd ed. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

GOPPELT, L.1981. *Theology of the New Testament (Volume 1): The ministry of Jesus in its theological significance* (tr. J Alsup). Grand Rapids, Mi.: Eerdmans.

GOPPELT, L.1982. *Theology of the New Testament (Volume 2): The variety and unity of the apostolic witness to Christ.* (tr. J Alsup). Grand Rapids, Mi.: Eerdmans.

GUTHRIE, D. 1981. *New Testament Theology.* Leicester : Inter-Varsity.

HURTADO, LARRY W. 2003. *Lord Jesus Christ: Devotion to Jesus in earliest Christianity.* Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

KRUGER, J.S. 1996 In: Meiring, P, (Red.). *Suid-Afrika: Land van baie godsdienste.* 1996. Pretoria: Kagiso.

KRUGER, J.S. 1999. *Skep die skip leeg en ander vroeë Boeddhistiese gedigte.* Pretoria: Unisa.

KUITERT, HM. 1998. *Jezus: Nalatenschap van het christendom: Schets voor een christologie.* Baarn: Ten Have.

LADD, G.E. 1974. *A theology of the New Testament.* Grand Rapids. Mi.: Eerdmans.

LE ROUX, J.H. 2002. Andries van Aarde se vaderlose Jesus/ Andries van Aarde's fatherless Jesus. *Hervormde Teologiese Studies.* 58(1): 77-99.

MARTINEZ, G.M. 1995. *The people of the dead sea scrolls: their writings, beliefs and practices.* Leiden: Brill.

MBITI J.S. 1975. *African Religions and Philosophy.* London: Heinemann.

MEIRING, P. 2002. *Christen in ’n land van baie godsdienste.* Wellington: LuxVerbi.BM.

MÜLLER, P. (Red.) 2002. *Die Nuwe Hervorming.* Pretoria: Protea Boekehuis.

NAUDE, J.J. 1996. Islam: algehele oorgawe aan God. In: Meiring. P. (Red.), S*uid-Afrika land van baie godsdienste.* Pretoria: Kagiso. [Vgl. vir aanhalings uit Kor’an]

NEILL, S. 1974. *De wereldreligies. Vergelijkende studie van het christendom te midden van de voornaamste levensbechouwingen.* Utrecht: Spectrum.

PARRINDER E. G. 1962. *African Traditional Religions.* London: Sheldon.

PARRINDER G. 1975. *Asian Religions. London*: Sheldon.

SABOURIN, L. 1984. *Christology: Basic texts in focus.* New York: Alba House.

SATTERTHWAITE, P.E. HESS, R.S. EN WENHAM, G.J. (Eds.) . 1995. *The Lord's Anointed. Interpretation of the Old Testament Messianic texts.* Grand Rapids: Baker.

SATTERTHWAITE, P.E. 1995. David in the books of Samuel: A Messianic Expectation. In: Satterthwaite, P.E, Hess, RS & Wenham, G.J. (Eds.). 1995. *The Lord's Anointed. Interpretation of the Old Testament Messianic* texts. Grand Rapids: Bakerm. 41-66.

SCHIBLER, D. 1995. Messianism and Messianic Prophecy in Isaiah 1-12 and 28-33, In: Satterthwaite, P.E, Hess, RS en Wenham, G.J. (Eds.)., *The Lord's Anointed. Interpretation of the Old Testament Messianic texts.* Grand Rapids: Baker. 87 - 104.

SCHULTZ, R. 1995. The King in the Book of Isaiah. In: Satterthwaite, P.E. Hess, R.S. en Wenham, G.J. (Eds.). 1995. *The Lord's Anointed. Interpretation of the Old Testament Messianic texts.* Grand Rapids: Baker,141-166.

*THE LIBRARY OF APOLLODORUS: GODS AND HEROES OF THE GREEKS.* (Vertaal deur Michael Simpson.) Amherst 1976: Univ of Massachusetts Press: 91 - 104.

*THE SOCIAL SETTING OF JESUS AND THE GOSPELS.* 2002. Stegemann, W, Malina, B.J. & Theissen, G. (Eds.). Minneapolis: Fortress Press.

THERON, P. 1996. *African Traditional Cultures and the Church.* Pretoria: IMER.

THOMAS, E.J. 1992. *The life of Buddha as legend and history.* New Delhi: Mushiram Manoharlal Publishers.

TURAKI, Y. 1999. *Christianity and African Gods.* Potchefstroom: IRS.

*THE UNIQUE CHRIST IN OUR PLURALIST WORLD.* Papers originally presented at an international meeting in Manila, Junie 16 - 20, 1992. 1994. Nicholls, B. J. (Ed.). Grand Rapids, Mich.: Baker.

VAN AARDE, A. 2001. *Fatherless in Galilee:* Jesus as child of God. Harrisburg Penns: Trinity.

VAN DE BEEK, A. 1999. Jezus Kurios: De Christologie als hart van de theologie. *Spreken over God 1,1. 3de druk. Kampen: Kok.*

VAN DE BEEK, A. 2002. *De kring om de Messias: Israel als volk van de lijdende Heer.* Zoetermeer: Meinema.

VAN DER WALT B. J. 1994. *The Liberating Message. A Christian Worldview for Africa. Potchefstroom:* PU vir CHO.

VAN ROOYEN, J.H.P. 1998. Ek glo: *'n Studie van die Credo.* Johannesburg: JHP van Rooyen.

VAN ZYL. A.H. 1987. *Hy wat sou kom: Messiaanse prediking in die Ou Testament.* Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.

VERMES, GEZA. 1973. *Jesus the Jew: A historian's reading of the Gospels.* London: Fontana.

VERMES, GEZA. 1977. *The dead sea scrolls: Qumran in perspective.* London: Collins.

VERMES, GEZA. 1983. *Jesus and the world of Judaism.* Philadelphia: Fortress.

VERMES, GEZA. 2000. *The changing faces of Jesus.* London: Penguin.

VERMES, GEZA. 2004. *The authentic gospel of Jesus.* London: Penguin.

WANAMAKER, A.C. 1997. Reading the Story of Jesus from a Christian Perspective. *Scriptura.* 63: 218 - 298.

WRIGHT, N.T. 1996. *Jesus and the victory of God.* London: SPCK. (Christian origins and the question of God. Vol 2).

ZOKOUE, I. 1994. In: *The unique Christ in our pluralist world.* Papers originally presented at an international meeting in Manila, June 16 - 20, 1992. Nicholls, B. J. (Ed.). Grand Rapids, Mich.: Baker. 233 - 242.